

Waarom optimale bemesting betaal



Maak ekstra wins deur optimale bemesting met sagte sitrus en suurlemoene.

PRODUSENTE VERLOOR JAARLIKS miljoene rande weens besnoeiings aan bemestingskoste en die tyd is ryp dat Suid-Afrika meer aandag aan kalsium- en boorbemesting gee.

Verskeie sitrusprodusente bemes steeds net met voedingselemente soos stikstof (N), fosfor (P), kalium (K) en gips. In verskeie bemestingsprogramme word belangrike voedings-elemente, soos kalsium (Ca) en mikro-elemente, nie optimaal toegedien nie.

Met 'n optimale bemestingsprogram wat N, P, K, Ca, S en mikro-elemente insluit, kan sitrus- en makadamia-opbrengste drasties verhoog word. Tans behaal sagte uitvoersitrus en suurlemoene uitstekende pryse in die buiteland. Indien produsente die huidige situasie tot hul voordeel wil gebruik, is dit belangrik om 'n optimale en gebalanseerde bemestingsprogram te gebruik.



Nadorcotts het 'n gemiddelde opbrengs van 90 ton in 2014 gelever.



Figuur 1. 'n Voorbeeld van 'n sproeibemestingstelsel waar die produsent self die bemesting meng.

'n Goeie begrip het 'n halwe woord nodig

Deeglike pes- en plaagbeheer kan steeds 'n goeie of slegte oes oplewer as bemestingstegnieke verkeerd ingespan word. Daarom is dit voordelig wanneer produsente 'n gekwalifiseerde persoon met die regte kwalifikasie en ondervinding as adviseur of konsultant inspan.

Nutrichem voorsien bemestingsprogramme aan verskeie produsente wat saam ongeveer 20 miljoen kartonne sitrus per jaar na die buiteland uitvoer. Enkele belangrike riglyne is die volgende:

- Die doeltreffendheid en opbrengs ná die toediening van bemestingstowwe op 'n sitrusboom kan deur die tydstep van die boom se fisiologiese ontwikkeling beïnvloed word. Stikstoftoediening moet dus volgens 'n sekere tydsbepalende fisiologiese proses van die boom geskied.
- Let op die toedieningstye van verskillende bemestingstowwe. Stikstof en kalium moet byvoorbeeld op verskillende tye toegedien word.
- Mengsels wat al die makro- en mikro-elemente gelyktydig toedien, moet vermy word. Baie produsente wat kalsium en mikro-elemente saam met die tradisionele makro-elemente gebruik, behaal uitstaande resultate omdat 'n optimale bemestingsprogram gevolg word.

Voordele van bemesting deur 'n besproeiingstelsel is:

- Produsente kan self bemesting meng deur van 'n A, B en C tenkstelsel vir verskillende bemestingstowwe gebruik te maak (**Figuur 1**). Enkelvoudige bemestingstowwe wat ook aansienlik goedkoper is, kan gebruik word.
- Bemesting deur die besproeiingstelsel of sproeibemesting skep groot moontlikhede vir die doeltreffender toediening van bemesting.
- Deur sproeibemesting toe te pas word die bemesting in die wortelkonsentrasiegebied toegedien.
- Die grootste voordeel is dat die verskillende voedings-elemente optimaal en in korrekte klein hoeveelhede toegedien word.
- Mikro-elemente soos boor en sink kan ook deur sproeibemesting toegedien word.

Boor en oesresultate

- Boor is by verskeie biochemiese prosesse in plantselle betrokke. 'n Tekort daaraan kan 'n boom se vegetatiewe groei negatief beïnvloed.
- Boor speel 'n belangrike rol by stuifmeelproduksie en blomvorming.
- Tydens 'n boortekort word nukleïensure nie optimaal geproduseer nie.
- Boortekorte kan kleiner vrugte en 'n verlaging in opbrengs veroorsaak.



- Optimale boortoediening vermeerder die aantal blomme en persentasie vrugte, wat tot verhoogde opbrengs lei.
- Grondtoedienings van boor sal die suiker-, vitamien C- en karoteeninhoud verhoog en gevolglik ook opbrengs bevoordeel.
- Raadpleeg spesialisite indien boor- en ander mikro-elementtekorte deur grondtoedienings reggestel moet word, asook met die opstelling van bemestingsprogramme wat deur die besproeiingstelsel toegedien word.
- Vermy die toediening van mengsels wat 'n kombinasie van verskillende mikro-elemente bevat, omdat sekere gronde reeds voldoende yster en mangaan bevat. Bykomende toediening van yster en mangaan benadeel die opname van ander mikro-elemente.
- Boor-blaarvoeding is 'n opsie, maar beter resultate word


met boor-grondtoedienings by sekere kultivars en spesifieke grondeienskappe verkry.

Kalsium en oesresultate

- Kalsium speel 'n belangrike rol by selmetabolisme, -struktuur en -sterkte. Dit is ook baie belangrik by selgroeï en -verdeling en is aktief in selmembrane.
- Dit is die belangrikste voedingselement in die grond en die verhouding van die verskillende katione in die grond is belangrik.
- Kalsium beïnvloed wortelgroeï. As kalsium in die grond of kalsiumtoedienings onvoldoende is, sterf die wortels terug.
- Optimale kalsiumvlakke verbeter vrugte se rakleef tyd en interne kwaliteit.

Alle bemestingsaanbevelings moet volgens grond- en blaarontledings gedoen word wat jaarliks van Februarie tot Junie geneem word. Nutrichem het 'n unieke databasis vir blaarmonsters saamgestel wat elke ses weke regdeur die jaar by sagtesitruskultivars met hoë potensiaal, soos Novas en Nadorcotts, geneem word.

Kontak dr Hennie Swart vir meer inligting by 082 579 1892 of e-pos nutric@mweb.co.za. <<



**Optimale
Sitrus bemestings-programme
gee goeie resultate**



Nutrichem

**Kontak Dr Hennie Swart
082 579 1892
012 996 0204**